education

MPUMALANGA PROVINCE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**
**GRAAD 10**
**VRAESTEL 1**
**JUNIE 2017**

Punte: 120
Tyd: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 30 minute |

Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

# Olifante

1. Die **olifant** is die swaarste en die tweede hoogste landdier ter wêreld 'n Volwasse olifant het 'n gemiddelde hoogte van 300 tot 340 cm en weeg 6000 en 7000 kg. Olifante hou egter nooit op groei nie en 'n manlike dier kan tot 450 cm hoog word. Die vroulike diere (koeie) is kleiner as die bulle en kan 'n maksimum van 300 cm bereik. Die olifant het 'n grys vel met swart hare. Die vel is tussen 2 en 4 cm dik.



2. Hulle het groot ore wat ongeveer 120 tot 125 cm in deursnee. Behalwe vir sy grootte, is die olifant ook bekend vir sy ongewone neus: 'n lang, beenlose slurp van ongeveer 150 cm. Die slurp weeg omtrent 135 kg en het twee vingeragtige punte aan die einde waarmee hy goed kan optel. 'n Olifant se slurp is ook baie sterk: dit kan ongeveer 250 tot 275 kg optel. Olifante het ses tande: vier kiestande en twee snytande. Tydens die olifant se leeftyd word sy kiestande drie keer vervang. Die twee snytande ontwikkel tot die twee kenmerkende "olifanttande" (*tusks*), wat ongeveer 245 tot 250 cm lank is en ongeveer 60 kg elk weeg.









3. Die olifant het 'n loopspoed van 10 km/h, maar wanneer hy begin storm kan hy 'n spoed van 40 km/h bereik.

Stropers en die vernietiging van hul habitat het hul getalle verminder en die diere is nou beperk tot nasionale parke en wildreservate. Die olifant bly meestal in grasvlaktes en savannas.

4. Olifante eet blare, wortels, bas, grasse en vrugte. Hulle eet elke dag tussen 100 en 300 kg voedsel en drink tot 190 l water.

5. Die trop bestaan uit koeie en jong bulletjies van dieselfde familie wat almal help om na die kalfies te kyk. Tussen die ouderdom van 10 en 13 jaar verlaat die jong bulle die trop op soek na vroulike maats, maar 'n olifant se dogters sal hul hele lewe in die trop van hul moeder deurbring.



6. Paring kan enige tyd van die jaar plaasvind, wanneer die koei op hitte is. Sy is telkens 22 maande dragtig waarna een kalfie gebore word. Die kalfie weeg tussen 120 en 130 kg met geboorte. Kalfies kan 'n kort tydjie na geboorte reeds sien, ruik en loop. Die koei se spene is tussen haar voorbene en die kalfie drink aan haar met sy bek, maar gebruik sy slurp om water te suip. Die kalfies drink soms ook aan wyfies wat aan hul moeder verwant is. Die koeie gee elke vier tot nege jaar geboorte. Die bulle bly slegs 'n paar weke by die koei en haar trop.






[Verwerk vanaf Wikipedia]

1.1 Hoe hoog is ŉ olifantbul? (2)

1.2 Kies die korrekte woord tussen hakies.
Olifante weeg gemiddeld (6000kg/ 300cm). (1)

1.3 Is die koeie (groter/ kleiner) as die bulle? (Skryf slegs die regte woord neer) (1)

1.4 Hoe lyk die vel van die olifant? (2)

1.5 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Die olifant se ore baie klein. (1)

1.6 Waarmee tel die olifant goed op? (1)

1.7 1.7.1.Hoevvel tande het die olifant ?
1.7.2. Hoeveel keer kry hy nuwe tande in sy leeftyd? (2)

1.8 Hoe vinnig loop ŉ olifant? (1)

1.9 Waarom het hul getalle verminder? (2)

1.10 Voltooi die sin:
Olifante bly meestal in ....... en ....... (2)

1.11 Noem 3 goed wat olifante eet. (3)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.

Olifante drink.... liter water. (1)

A 100 B. 300 C. 150 D. 190

1.13 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
Die kalfies word opgepas deur die koeie en (jong/ou) bulle. (1)

1.14 Op watter ouderdom gaan soek die jong bulle na 'n maat? (1)



1.15 Hoe lank is die koei dragtig? (1)

1.16 Is tweelinge algemeen by olifante? Hoekom dink jy so? (1)

1.17 Watter DRIE dinge kan olifantkalfies reeds doen by geboorte? (3)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

## Die ABC van renosters

| Witrenoster | Swartrenoster |
|---|---|
|  |  |
|  |  |
| **Gewig: 1600kg** | **Gewig: 850kg** |
| **Kenmerke: Breë, vrierkantige bek** | **Kenmerke: Skerp, gepunte bolip** |
| **Habitat: Oop grasvelde** | **Habitat: Ruie bosse** |
| **Kos: gras** | **Kos: Takkies en blare** |
|  **Gedrag: Sosiaal, wei in groepe** |  **Gedrag; Aggressief, alleenlopend** |
|  **Lengte van horing: 90cm** |  **Lengte van horing: 100cm** |

[Verwerk uit Weg Oktober 2014]

1.18. Hoe hoog is die swartrenoster? (1)

1.19 Wat eet die witrenoster? (1)

1.20 Die  van die swart renoster is ........ (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.26) en die letter (A–D) neer.

Die  sê vir ons.....

A Witrenosters wei in troppe
B Swartrenosters wei in troppe
C Witrenosters wei nie in troppe nie
D Swartrenosters wei nie in troppe nie. (1)

1.22 Watter renoster is die grootste? (1)

1.23 Noem enige kenmerke van die swartrenoster (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**TEKS C: Seekoeie**

- Som in SEWE volsinne op die belangrikste kenmerke van seekoeie.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

# Seekoeie



1. Die gemiddelde gewig vir bulle is tussen 1500–1800 kg. Ouer bulle weeg nog swaarder, met massas van 3200 kg en soms tot 3600 kg.

2. Ten spyte van hul grootte kan seekoeie vir 'n paar honderd meter lank snelhede van tussen 30 km/uur tot 50 km/uur bereik.



3. Die seekoei se leeftyd strek tussen 40 tot 50 jaar. Donna die seekoei is op 56 jaar die oudste lewende seekoei in aanhouding.

4. Die oë, ore en neusgate van die seekoei is hoog geplaas op die kop. Dit laat toe dat hulle onder die water kan bly ten einde koel te bly en sonbrand te voorkom.

5.Die seekoei spandeer die grootste gedeelte van die dag in die water of modder, saam met ander lede van die trop. Die water hou die seekoei se liggaamstemperatuur koel en keer dat die vel uitdroog.

6.Die seekoei verlaat die water teen skemer en beweeg tot sover as 8 kilometer van die water af, om gras te vreet. Gras is die grootste bron van voedsel en die seekoei vreet tot 68 kilogram gras.

7. Volwasse seekoeie moet elke vier tot ses minute asemskep bo die wateroppervlak. Selfs 'n slapende seekoei sal opstyg tot bokant die water.



[Verwerk vanaf Wikipedia]

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

# Mpumalanga Parkeraad

Ouers, kom die skoolvakansie

na een van ons parke! (3.1)



Betaal vir 3 nagte en kry

een nag heeltemal gratis

**Aanbod geld slegs vir die Julie-skoolvakansie** (3.3)



**Bring**(3.6) **(my/jou/julle) skoolkinders en bly gratis. Bespreek nou dadelik. Ons het die grootste verskeidenheid verblyf-opsies: kom kamp, bly in ons chalets of besoek ons vir net een dag.** (3.7)**Ons parke en reservate is die mooiste in die land. Ons wag vir jou.**

Jou kans om die pragtige Mpumalanga te sien! (3.9)

Tel. 013 723 2356 (3.5)
Webblad www.mpumalangaparke



3.1 Vir wie is hierdie advertensie bedoel? (1)

3.2 Hoe word die leser se aandag na die opskrif getrek? (1)

3.3 Watter woord sê dat hierdie spesiale aanbod net vir ’n **sekere tyd** is? (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die leesteken aan die einde van O***uers, kom die skoolvakansie na een van ons parke!***

is ’n (uitroepteken/vraagteken/komma/punt). (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.5.) en die letter (A–D) neer.

Die afkorting “Tel.” staan vir.....

A telwoord B telling.
C telefoon (1)

3.6 Kies die regte VOORNAAMWOORD in die advertensie.
**Bring (my/jou/julle) skoolkinders en bly gratis**. (1)

3.7. Skryf EEN woord neer wat die adverteerder gebruik om hul parke te beskryf. (1)

3.8 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
**Ons wag vir jou** (1)

3.9. Voltooi die volgende sin deur ’n woord in die lys hieronder te gebruik.
Skryf net die vraagnommer (3.9) en die ontbrekende woord neer.

geskree; gefluister; gesê; gevra

Die luidspreker waaruit die woorde in die advertensie gesê word, is effektief omdat dit lyk asof die woorde ... word. (1)

3.10 Verander die sin na ’n VRAAGSIN deur te begin met die vraagwoord wat gegee is.
**Ons wag vir jou** (wie)
Begin so: Wie.......... (1)

3.11 Skryf die manlik van:
Olifant (1)

**[11]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees en bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




[Uit Beeld 2/11/2016]

4.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.1) en die letter (A–D) neer.
Ons kan sien in raampie 2 dat Pieter vol selvertroue is omdat....
A. Hy staan met sy vuis in die lug.
B. Hy sit op die mat.
C Hy wys sy vinger na sy ma. (1)

4.2 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Jy kuier by Trent. (1)

4.3 Skryf die sin in die HEDE/TEENWOORDIGE TYD.
Sy het my vroeë slaaptyd gegee. (1)

4.4 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Zoe gebruik die woord "**aandring"** as sy met Pieter praat.
"Aandring" beteken dat Pieter sy ma (baie mooi vra/ haar beveel/haar smeek). (1)

4.5 Pieter moet "vroeg" bed toe gaan.
Wat is die teenoorgestelde (*opposite*) van vroeg. (1)

4.6 Gee die VERKLEINWOORD van "mat". (Raampie1) (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die regte woord. (1)

As jy na Pieter kyk in Raampie 3, dink jy hy is (bly/hartseer/ongelukkig)? (1)

## VRAAG 5

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS F: LEESTEKS

Die (5.1.1) <u>**baie**</u> van my maats het in groot (5.1.2) <u>**groep**</u> vakansie gehou saam met hulle niggies en (5.1.3)........ Hulle het in die Krugerwildtuin of by die see gekamp of in strandhuise gebly. Nie ons (5.1.4).... My pa het nie veel erg aan woonwa gehad nie en geld (5.1.5) **(met/in/vir)** 'n strandhuis was daar nie.

My vriende het terug gekom van vakansies met stories oor (5.1.6) **13** leeus en olifante en (5.1.7)**(nuut/nuwe/nuutste)** vriende wat in die Transvaal woon. Ek het op George grootgeword en ek het gedink "Transvaal" is 'n eksotiese (5.1.9) **plek.**

My ouers is albei (5.1.10) **laatlammetjies** en ons familie se kinders was baie ouer as ons, en dus was dit maar altyd net ek en my suster, Karen op gesinsvakansies. Ons het ook teruggekom met stories. Ander soort (5.1.13) **stories**. Een jaar in die tagtigs het my pa 'n lang vakansie Natal toe beplan. Die eerste reservaat wat ons besoek het, was die Umfolozi-natuurreservaat.(5.1.14**) (wat ons sou sien) (oor die renosters) (ons was baie opgewonde)**. Dit moes Julievakansie gewees het, want daar gekom, was alles droog en dor. Alles was bruin: grond, die bome, die struike, die beddegoed, die huisies waarin ons gebly het, selfs die teëls was bruin. Dit was 'n bedrukte warm plek.

[Verwerk uit WEG: Februarie 2017]

5.1.1 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord "baie". (Reël 1) (1)

5.1.2 Skryf die korrekte MEERVOUD neer. (Reël 1)

... in groot <u>**groep**</u> vakansie gehou....

(1)

5.1.3 Wat is die MANLIKE vorm van niggies. (Reël 2) (1)

5.1.4 Voltooi die sin deur die regte ONTKENNINGWOORD in te vul. (Reël 3)
Nie ons .... (1)

5.1.5 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 4)

Geld (met/in/vir) 'n strandhuis was daar nie. (1)

5.1.6 Gee die korrekte vorm van die onderstreepte TELWOORD. (Reël 5)
..... met stories oor <u>**13**</u> leeus en olifante (1)

5.1.7 Kies die regte trap van vergelyking. (Reël 6)
... en **(nuut/nuwe/nuutste)** vriende wat in die Transvaal woon . (1)

5.1.8 Gee die INTENSIEWE VORM vir **"nuut**". (1)

5.1.9 Gee die VERKLEINWOORD van "plek". (Reël 7)

ek het gedink "Transvaal" is 'n eksotiese (5.1.8) **plek**,.... (1)

5.1.10 Wat is die betekenis van "laatlammetjies"? (Reël 9)

My ouers is albei **laatlammetjies...** (1)

5.1.11 VERBIND die sinne hieronder met die woord tussen hakies. (Reël 10)

Ons het ook teruggekom met stories. Ander soort stories.
........................ maar ............................. (1)

5.1.12 Kies die inligting in KOLOM B wat by die in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (5.1.13. i) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| i ouers | A broer |
| ii familie | B koud |
| iii suster | C pa en ma |
| iv warm | D ooms, tantes, oumas, oupas, niggies |
| | E koffie |

4x1=4

5.1.13 Gee die ENKELVOUD VAN DIE WOORD "stories". (Reël 11)

Ander soort **stories**. (1)

5.1.14 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE.
Skryf die hele sin oor. (Reël14 en 15 )

**(wat ons sou sien) (oor die renosters) (ons was baie opgewonde)**. (1)

5.1.15 Watter seisoen dink jy was dit toe die gesin Natal toe is?
Kies die regte seisoen uit die wat gegee is.

(somer/herfs/winter/lente) (1)

Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Verwerk van Bing images]

Kies elke keer die regte woord en skryf slegs die nommer van die vraag en die regte woord neer.

5.2.1 Die diere is (alles/almal) bymekaar. (1)

5.2.2 Die diere is ( bly/nie bly) om die mense te sien (nie) (1)

5.2.3 Die (jakkals/pandabeer/voël) praat met die kameelperd. (1)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: LETTERKUNDE**

***BLADSAK* – Lucas Malan**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die verhale.

**VERHAAL A: "Koning Leeu se geskenke" – Pieter W. Grobbelaar (20)**

**EN**

**VERHAAL B: "Wie is die erfgenaam?" – Julia Mabale (20)**

**VRAAG 6**

**VERHAAL A: "Koning Leeu se geskenke" – Pieter W. Grobbelaar (20)**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| So kom die diere aan. Dis Luiperd en Hasie, en Sebra en Mol, en Olifant en Muishond en Slang. Bobbejaan is te nuuskierig om weg te bly; Esel is te onnosel. Daar is Dassie en Seekoei en Koggelmander, en Wolf en Jakkals ook. Ja-nee, dis ŉ partytjie duisend. |

6.1 Wie het partytjie gehou? (1)

6.2 Hoekom wou die vrouens nie gaan nie? (2)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A–D) neer.

Die bokmans het pragtige....... by Koning Leeu gekry.
A klere
B jas
C skoene
D horings (1)

6.4 Wat het die diere geëet en gedrink? (2)

6.5 Voltooi die volgende sin deur ŉ woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die ontbrekende woord neer.

**Bokvouens; jakkals; kameelperd**

Die ......... het ŉ lang nek gekry. (1)

6.6 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.6.1–6.6.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.6.1 luiperd | A slagtande |
| 6.6.2 olifant | B Horing op die neus |
| 6.6.3 renoster | C Kolletjies pak |
| 6.6.4 seekoei | D Lang neus |

(4 x 1) (4)

6.7 By wie het Leeu die veldmedisyne gesteel? (1)

6.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.8) en die letter (A–D) neer.

...... het begin om te sing.

A jakkals
B bobbejaan
C slang (1)

6.9. Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is.
Muishond stink so omdat hy padda se laventel gesteel het. (1)

6.10. Hoekom het Leeu ŉ partytjie gehou? (1)

6.11. By wie werk perd en koei? (1)

6.12 Noem TWEE geskenke wat kameelperd gekry het? (2)

6.13 Dink jy Leeu was ŉ goeie of ŉ slegte koning? Hoekom dink jy so? (2)

**VERHAAL B: "Wie is die erfgenaam?" – Julia Mabale (20)**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Hul suster Thabang se hart was baie seer oor die stryery. Sy het nie geweet watter plan sy kon maak om weer vreugde in haar pa se huis te bring nie. Dit het so gevaarlik geword dat hierdie seuns elke dag teen mekaar wou veg. |

6.14 Hoe weet ons die ouers was baie ryk? (2)

6.15 Wat was die ouers se name? (2)

6.16 Waar het hulle die vee verkoop? (1)

6.17 Voltooi die volgende sin deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.16) en die ontbrekende woord neer.

**Koningin Thabang Belegang**

Die oudste suster se naam was 6.16.1........... en sy is na die 6.16.2........ vir raad wat haar na die vroedvrou 6.16.3.................. gestuur het. (3)

6.18 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.18.1–6.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|

| | |
|---|---|
| 6.18.1 Die ouers | A Die naam van die stam |
| 6.18.2 Bolebedu | B Dood aan malaria |
| 6.18.3 Tweeling | C Stry oor wie is die jongste |
| 6.18.4 Tradisionele geneser | D Punda Maria |

(4 x 1) (4)

6.19 Waarom het die veekrale leeg geword ? (2)

6.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die letter (A–D) neer.
Die broers het op die ....... gaan werk om geld te maak.
A. plaas
B Punda Maria.
C goudmyne
D skool (1)

6.21 Hoeveel kinders het die ouers gehad? (1)

6.22 Hoeveel beeste wou die tradisionele geneser gehad het? (1)
6.23 Hoekom het die broers ophou stry? (2)
6.24 Watter les leer jy uit die verhaal? (1)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**